Ons Ondersteuners

CONCORDIA
APTEEK PHARMACY & KLINIEK CLINIC
Rodericksweg 426
Lynnwood, Pretoria
012 361 1309 / 4496
060 784 1894
URE Ma – Vry: 08h00 – 18h00
Sat: 08h00 – 13h00

hillside tavern
Since 1987
Tel: 012 348 1402 / 5505
hillside@global.co.za
Rynlal Building
320 The Hillside St Lynnwood

St. George's Cafe
EST 1968
Home made bun
Fresh lettuce
Onions
Tomato
Beef burger
Delicious
012 361 4440
426 Rodericks Rd, Lynnwood
TAKE-AWAYS • BAKERY

Intelligent Computing
Quality Refurbished Computer Equipment
www.intelligentcomputing.co.za
CALL US TODAY

## AKTIWITEITE

### BRUG



LYNNWOOD OORD BRUG KLUB
Magdaleen du Plessis en Johan.
Wat 'n voorreg om te kan brug speel.
Ons is 4-8 lede wat gereëld speel.
Brug is 'n stimulant wat jou brein rig om te konsentreer en besluite te neem in 'n spel van wen of verloor. En, om vining besluite te kan neem is uiters belangrik.
Enigeen is welkom om te kom aansluit – toe – probeer dit!
Nouja, soos ons slim speller altyd se – "wat maak dit saak, It's just a game".

### OEFENINGE

In die tyd toe Mnr Nico du Plessis die Voorsitter was van Lynnwood Oord se Trustees was daar wel 'n tiepe van aanbieding van Oefeninge vir die inwoners van Lynnwood Oord. Maar ongelukkig was dit 'n aan-en-af besigheid wat nie regtig gewerk het nie. Dis toe dat Mnr Nico du Plessis my genader het met die woorde in 2017: "Jy se jy woon goeie oefeninge by. Kan jy nie die mense hier by ons kry nie?"

Natuurlik, het ek niks meer nodig gehad nie as om hulle te nooi, na ons toe nie. En hulle het nie gesukkel om te kom nie. Die meisies was van The High Performance Centre (HPC) , Universiteit van Pretoria dit is nou bekend as, Sport, Exercise Medicine and Lifestyle (SEMLI). Oefeninge word deur Wood & Nolte Biokinetics Practice uitgewerk.

Shelley Malan was die vorige sameroeper van die projek en René Ferguson het by haar oorgeneem (SEMLI). Twee maal per week kom een van hulle om vir ons oefeninge aan te bied. So nou en dan daag daar 'n mans-student ook op saam met ander meisies student, ook toekyk, en later 'n beurt kry, om oefeninge aan te bied.

Ons sit meestal op stoele, maar staan ook vir balans oefenge. Ons gebruik balle op wonderlike maniere, maar ook rekke (fitness elastic bands). Die oefeninge is nie alleen fisies vir ons baie werk nie, maar ook sosiaal. Ons sien mekaar gereeld, twee maal per week, en deel ander aspekte van saam wees terwyl ons fisies baie daarby baat.

Daar is 'n paar deelnemers wat ook deel is van die span wat bloedruk neem, geld insamel en ander verigtinge te vergemaklik. Ons is baie dankbaar vir hulle wonderlike diens.

Verder, is ons baie gelukkig om net R110 per maand, Maandae en Woensdae te betaal. Ek weet van 'n instansie wat R200 per maand vir een dag per week en R400 per maand vir twee dae vra.

Natuurlik, raak ons ook baie lief vir die studente. Aan van die meisies is onlangs 'n BsC Graad toegeken. Ons het van die geleentheid gebruik gemaak om aan hulle getekende kaartjies van gelukwensing te gee. 'n Bewys dat ons baie trots op hulle prestasie is.

Ons hoop om nog jare deel te kan hê aan hierdie voorreg. Daar is plek vir maksimum van vier nuwe lede.

Julle is hartelik welkom.

## AGTERBLAD NUUS EN SAAMPRAAT

**DAGBOEK**
20 Mei - Besoek Danville 3 huise behoeftige welsyn.
Junie - Sop en Sherry aand.
September - Tee oggend plus kunstenaar.
Oktober/November - Oord worsbraai
Desember - Kersete

**SKAAP BRAAI.**
10 Februarie 2022
En was dit toe lekker.
Almal teenwoordig is
Behoorlik blink gefeës.

INFO
Ininuus is Published
By Rossouw Marketing
Editor: Louis Rossouw
Layout and design
Minuteman Press Lynnwood





### GODSDIENS AKTIWITEITE IN LYNNWOOD OORD

Die NG Kerk Lynnwood het 'n pastorale hulp (dr Michiel Botha) beskikbaar gestel om betrokke te wees by die geestelike versorging van lidmate en ander inwoners in Lynnwood Oord wat daaraan behoefte het. Daar is gedurende skoolkwartale elke Donderdag van 09:30 tot 10:30 Bybelstudie in die sitkamer. Daar word ook heerlik saamgesing en enige iemand is welkom om dit by te woon. Een keer per maand – soms twee keer – is daar ook 'n erediens waar almal welkom is. Dit is gewoonlik op die eerste Sondag van 'n maand, of anders soos dit gereël word. Daar word ook op persoonlike vlak besoeke afgelê by NG lidmate en ook by ander persone wat dit versoek



# ININUUS




## ONS TYD IS NOU! ONS GAAN WERK AAN 'N SKAAL VAN SPESIAAL

Hoe werk dit dan dat mense sukkel met 'n gevoel van eensaamheid?

In this first edition of our newsletter, we are going to establish a forum for sharing relevant information that involves everyone.

**HOE DAN NOU?**

Hier het baie dinge, sover die jaar, by Lynnwood Oord gebeur.

ONE was the first post Covid annual general meeting of owners and residents.

TWO was the nominations and selection of new

Trustees for the year 2022.

| | | |
|---|---|---|
| Kobus du Toit | - | Voorsitter |
| Sunette Hugo | - | Sekretaresse |
| Prof vd Merwe | - | Finansies |
| W Coetzee | - | Wetsaspekte |
| N de Kock | - | Spyseniering |
| A Scheepers | - | Admin & Versekering |
| Stina Watts | - | Sosiaal + Lief en Leed |
| Carl Wille | - | Kliniek & sekuriteit |
| Louis Rossouw | - | Kommunikasie & Oord Bemarking |

## VERBLYF VAN VOORKEUR VIR OUER MENSE IN PRETORIA

Die persone is basies in diens van almal woonagtig in die Oord.

Dit sluit eienaars natuurlik ook in.

Be assured, we are in good hands judging by the various activities taken on by the Trustees to date.



Foto — Zandre Rossouw - Cinastagestudios.

## Activities to date

**Oord braai 11 Nov. 2021**

Dit was 'n reuse sukses. Die manne het gebraai, die inwoners het gekuier en ten slotte lekker geëet. Lekker roomys en koffie en toe natuurlik die middag rus.

**Lynnmed Kliniek pretloop. 20 Nov 2021**

'N heerlike oggend met kinders, kleinkinders en geliefdes. Die stalletjies en geskenkies was 'n heerlike bonus.

**Christmass dinner. 25 Nov 2021**

What a wonderfull experience. Residents flocked to the diningroom, all dressed up,

Smart hairdo's and dress.

**Die Lynnwood Oord WhatsApp groep** - Oord Omgee – is 'n reuse sukses en word skitterend gebruik. Ondersteunig vir mekaar, geluk wense, inspirerende boodskappe en nog vele meer is die sleutel tot dié verhaal. - Dankie almal

### OUR VILLAGE VISION.

**Hoe wil ons dan die oord spesiaal**

Die plan met ININNUUS is vir alle inwoners en eienaars wat verhuur die vooruitsig te skep van 'n waardevolle bate.

Hoe dan nou anders as die Visie van:

**"VERBLYF VAN VOORKEUR VIR OUER MENSE IN PRETORIA"**

Ons strategie is dat die nuusbrief wyd en syd sal versprei deur sy lesers ons inwoners, aan familie, vriende kinders en kleinkinders. Waar ookal in die wereld!

We are going to become friends again, regular social activities will ensure this.

We need to know our fellow inmates and learn about caring.

Lekker braai, lekker wynproe aande "sunny skies and Lynnwood Oord"

Our target market to ensure our Vision is accomplished will be parents of grade 12 students.

Seem strange? No. They have parents who, if not already, will soon be looking to retire somewhere safe and pleasant..

Just imagine having a waiting list for prospective owners or tenants.

**LETS JUST DO IT!**

**ESKOM**

**Beurtkrag en ons hysbak. – Die bestuur is volstoom besig om die situasie aan te spreek. Dit is 'n baie groot prioriteit aangesien dit nie lyk of die problem van beurtkrag binnekort opgelos sal word nie. Daar word beslis vordering gemaak!**







## ONS MENSE. ONS KYK BIETJIE NA WIE MAAK WAT OOKAL

Hier gaan ons leer van ons mense. Die onbekende feite, dinge waain hulle ons almal daagliks kan inspirer en "what makes them tick".

### MARIANNE MIENY

Marianne en Prof. Carl was woonagtig in dié buurt vir 40 jaar, meeste van hulle getroude lewe en wel in Alpine st, net hier ommidraai van ons.

Vandag, na 5 jaar, woon Marianne in haar pragtige eenheid no. 64.

Marianne was lank by die SAUK TV betrokke by oorklanking. Dis juis haar aanleg vir die Franse taal dat sy vele van die Franse dokumenter kon oorklank.

Marianne is by uitstek, soos meeste van die inwoners seker al agter gekom het, 'n onthaler. So dan was sy benoem as Sarie se gasvrou van die jaar in 1978. Sy en prof. Carl was in Emmarentia, Johannesburg, woonagtig in die jare.

Van skeppende Franse kookkuns tot blomme rangskikking, vaardigheid in die tuin en kersboom versiering is alles in haar arsenal van talente.

Sy koop gereeld haar blomme by Earthflower oorkant die pad en wel by Karina Goossen die eienaar. Probeer hulle gerus vir beste pryse.

Wees verseker, ons gaan nog baie van Marianne te hore kom.

### ANDRE EN SYLVIA DE BEER

Die begaafde en wel ter tale paartjie woon al 'n wyle by ons as huurders maar het onlangs besluit om te koop en bly nou permanent in eenheid no. 91. Baie welkom!

Andre was voor sy aftrede Visie Rektor van die Pretoria Onderwys Kollege en hoof van die Dept. skone kunste. Hy is 'n bekende skilder/kunstenaar en dus was dit vir Sylvia maklik om raamwerk as 'n stokperdjie te ontwikkel.

Sylvia was ook betrokke by die Kollege en ook dan die plek waar hulle mekaar ontmoet het en toe getroud is. Hulle is spesiaal geseën met 4 seuns wat hulle vestiging by Lynnwood Oord aanbeveel en deurgevoer het.

Ons hier by die Oord ken vir Andre wat sommer so pen en papier nader trek en siedaar — "dis ek daai".

Andre het ook vir sy bydraë, in die voorblad ontwerp ons Oord, die man geteken. Daarmee het hy die bonus prys gekry.



Foto — Marianne Mieny



Foto — Andre en Sylvia De Beer

### IZANKE MYNARD (IZZY)

Ons inwoners weet nie aldag hoe bevoorreg ons is om vir Izanke hier betrokke te kan hê.

Sy is natuurlik beter bekend as Izzy, ons geliefde spysenier.

Izzy was vir 8 jaar getroud met Andre wat as wildbewaarder baie betrokke geraak het met renoster stropers en wildiewe.

Hy is egter 1 jaar gelede in 'n fratsongluk oorlede toe hulle juis besig was met verwydering van strikke naby spoorlyne,

Hy en sy kollega kon nie die trein hoor en is hy raakgery.

Izzy, as jong weduwee met 'n seuntjie, het begin om die pad as enkelmoeder te loop.

As ons kyk na Dimitri, haar seuntjie, is dit duidelik dat sy uitblink in die gebied.

Dimitri is vernoem na 'n kollega van voor sy dood wat soos hy dit gestel het, "took the bullet for me", tydens 'n skermutseling vroeër in sy loopbaan met renoster stropers en wilddiewe.

Izzy is gebore in Sasolburg en haar pa was, en is nog, altyd haar held. Sy geniet uitdagings en het op skool uitgeblink. Sy sien haarself ook as verrassingsmens wat lief is daarvoor om met mense te werk.

Izzy werk nou al vir 2 jaar by Simply Fresh en maak elke dag seker ons as inwoners kry 'n heerlike gesonde bord kos.

Izzy is lief vir kosmaak en ma wees. Sy geniet moderne dans en het op haar dag provinsiale kleure daarvoor verwerf.



Foto — Izanke Mynard (Izzy)

**ININUUS** benodig belowende en vaardige korrespondente om bydraës te begin lewer vir volgende uitgawes. Idees vir stories en bydraë voorstelle sal waardeer word. Kom raak betrokke en ontdek dalk jou onbekende talente.

## WENNERS

Die wenner van ons naam kompetisie is **SINI WRIGHT** no 56.

Haar prys was koopbewys van Hillside Tavern.



### BONUS WENNER ININUUS

Die naam kompetisie het 'n bonus wenner ook gehad.


**Andre de Beer**

Andre wen 'n koopbewys van Seattle Coffee company. En dit vir sy uiters kreatiewe bydraë van ons Oordman as deel van ons naam.



## ONS PLEK

Die Lynnwood Oord SIRKEL van ''Bes Geleë Oord in Pretoria" gaan dalk 'n paar mense verbaas. Dit plaas die tipe besighede en dienste beskikbaar aan inwoners binne 'n 6 km radius




### VOORBEELDE SOOS 0 TOT 200 METER:

Dr. Jonk, Concordia apteek, St Georges Bakery, droogskoonmakers, Hillside Tavern Intelligent Computing en vele meer.

### 0 TOT 4 KM:

13e straat Superspaar en Tops, Post Net, Poskantoor, Hearing Care, KFC, Club Surgical Center ens.

### 0 TOT 6 KM:

Brooklyn Mall, Menlyn, Glenfair en Life Fairy Glen Hospitaal.

Die detail sal verskyn op ons binnekort aktiewe Webtuiste

www.lynnwoodoord.co.za

## DIE BES GELEË AFTREËOORD IN PRETORIA.

### IN MEMORIAM

**Skrywe van Douw Steyn - Om met waardigheid oud te word**

Daar word gesê dat ouderdom gaan gepaard met vele gebreke. Dit is op hierdie stadium wat 'n mens, as jy gevra word hoe dit gaan, dat jy gewoonlik sê, "Nee baie goed dankie, onder omstandighede". Dit is ook die tyd wanneer ons so dikwels hoor van die vriend of daardie kennis, wat nou weer teenspoed op sy pad gekry het – dan sê ons "hulle kap nou in ons bos". Sommige mense beweer ook ons word nie oud nie "net bejaard".

Die rolle van ouers en kinders verander ook metter tyd. Toe die kinders en ons ook nog relatief jonk was, maak so of sus. Met die ouderdom ruil die rolle natuurlik. Nou sê die kinders vir ons so of sus. Nie juis dat ons goed voel oor die nuwe omstandighede nie. Jesus het vir Petrus gesê, "maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek en iemand anders sal jou vasmaak en bring waar jy nie wil wees nie", kan U die ooreenkoms sien?

Wanneer die ouderdom ons inhaal is daar nog 'n problem wat opduik. Ons diensverskaffers begin ook aftreë. Dit laat ons met die taak om nuwes te vind. Iemand wat waarskynlik nader aan ons blyplek is want vervoer word skielik ook 'n probleem. Ons wil nie meer ver ry nie! Dan volg die agteruitgang van jou vaardighede agter die stuurwiel. Die sig word swakker en dis dalk die tyd om jou motor te verkoop.

Dis juis wanneer die verkeersman na jou lisensie kyk en reken, "oumense hoort nie meer op die paaie nie"dat jy in jouself begin twyfel. Nou moet jy jou kinders en ander mense in die oë kyk. Dis juis hier waar Petrus se lewe ook verander het.

Hier begin die klassieke opdraande pad:

1.Inkopies oor die internet of slimfoon.

2.Die slimfoon is gewoonlik ook slimmer as ons. Ons sukkel soms om te antwoord as dit lui.

3.En dan kom kuier vergeet.

Die Prediker het ook veel te sê oor die stadium in ons lewe. Die jare sal aanbreek waarvan jy sal sê, ëk het daar niks aan nie". Dit is die tyd wanneer die son, maan en sterre dof sal word, die sterk manne sal waggel …… die malers sal ophou maal, omdat hulle min geword het…..die geluid van die meul dof word…….die springkaan himself moeisaam sal voortsleep en nog vele meer.

Dan kom die tyd wanneer die stof na die aarde terugkeer en die Gees na God, wat dit gegee het, terugkeer.

Die bekende Albert Schwietzer het dan ook gesê, "ware geluk is om gesond te wees en 'n slegte geheue te hê.

Ons hunker dalk na die beter daë van die verlede, soms die gryse verlede, maar met die waters wat verbys is, sal jou meule nooit waar maal nie.

Ten slotte:

Mag U die leser, 'n gelukkige bejaarde ouderdom bereik, en, dat U pad gelyk en sonder hobbels en slaggate sal wees.

Dit sal so wees as ons hand aan hand met die Here saamloop op dié lewenspad. Ons was jonk en sterk maar het gevorder tot waar ons nou is – afhanklik van ander. Laat elkeen van ons dus net die beste van ons lewe maak want dit is slegs 'n wyle ons s'n.

Baie sterkte en vrede vir U

- Douw Steyn,



**Ons Personeel :** Voor van L na R : Stephina Tshoko, Mato Muvhango
Agter van L na R : Michael Nkosi, Piet Mashabela, Obed Nawa, Frans Maphosa

ONS TUINE

Ons is baie opgewonde dat van ons inwoners/eienaars betrokke gaan raak in die mooimaak van ons Oord se tuine. Die tema vir nou is – ons lente prag – met die klem op uitleg en ontwerp eerder as 'n tuin vol blomme. Die bome gaan ook almal netjies gesnoei word. Dankie Lena & Estelle.

